



Die Bybel bly Belangrik!

Tydens hierdie COVID-19 pandemie is ons opnuut daaraan herinner dat dit baie belangrik is dat gelowiges toegang tot die Bybel moet hê.

Terwyl biljoene mense gedwing is om tuis te bly as gevolg van die nasionale isolasie tydperke wat hulle regerings afdwing het, het dit geblyk dat mense te veel tyd op hul hande sou hê.

Die isolasie tydperke het soos 'n berg voor baie mense gelê. Dit was egter nie net negatief nie - mense het die geleentheid gehad om tyd in die Woord deur te bring, stil te word en te ontsnap van die gejaag na wind van die daaglikse lewe.

Honderde van ons leraars het hul heel eerste Bybel net betyds ontvang. Dit was alles te danke aan vrygewige donateurs. As hierdie leraars nie hul Bybels betyds ontvang het nie, sou hulle nie hierdie gulde geleentheid gehad het om die Bybel beter te kan verstaan en bestudeer nie.

Een van die lande waar daar onlangs Bybels uitgedeel is, is Angola. Meer as 550 Bybels is hier uitgedeel: slegs

twee weke voordat Harvesters Ministries se internasionale reise gestop is. Hierdie besluit is geneem om ons personeel en leraars te beskerm.

'n Passievolle leraar het tydens hierdie laaste Bybelplasing na ons toe gekom en gesê: "Ek is my hele lewe lank al in die bediening. My kerk was besig om te versmoor en was glad nie gesond nie. Dit is vol mense, maar het geen dissipels nie. 'n Fris wind waai nou deur my kerk. Ek het nooit gedink dat ek dit in my leeftyd sou beleef nie."

Dit is die mense wat God se Koninkryk bou. Hulle is God se hande en voete in Angola. Hou asseblief hierdie leraars in jou gebede, dra hulle met jou gebede. 🙏

“ ... 'n Fris wind waai nou deur my kerk ... ”


Ook in hierdie Uitgawe:

2

Uganda se Onvertelde Stories.

4

Raak betrokke by Harvesters Ministries.



Uganda se Onvertelde Stories

Baie mense is onbewus van die verskriklike vervolging wat Christene in Uganda daaglik deurmaak. Ongelukkig is dit Ugandese gelowiges se hartseer werklikheid.

Broer Josef, is 'n leraar wat al persoonlik vervolging beleef het. Hy het die Here lief en hy deel die Evangelie met ongelowiges en plant kerke in nabygeleë dorpie. Daar is moskees in talle dorpe regoor Afrika. Mayuge, Uganda is geen uitsondering nie. Mayuge is 'n welbekende Moslem-gebied in Uganda, waar 93% van die bevolking Moslems is.

Een Sondaggend het Moslem-ekstremiste Josef se kerkgebou tydens hul kerkdien omring. Nadat die diens verby was, is die hele gemeente uit die gebou gejaag, die gebou is aan die brand gestek en almal is met klippe gegooi. Boonop het Josef ook al talle doodsdreigemente van Moslems in sy gemeenskap ontvang.

Hierdie dinge gebeur nie net met Christene in die Midde-Ooste nie; dit gebeur ook in Afrika. Dit is Josef en sy gemeenskap se daaglikse realiteit.

Waarom sou hulle steeds daarmee voortgaan om ongelowiges te evangeliseer en dissipels te maak as hulle

leuens reeds bedreig word? Dit is wat Jesus van ons verwag: gehoorsaamheid aan die Groot Opdrag.


Broer Josef se verhaal herinner my aan Matteus 5:15 - 16 en daar staan: *"Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word."*

Hulle is soos ligte wat helder in hulle gemeenskap skyn en hulle deel die hoop van ons Here Jesus Christus met ongelowiges. Danksy jou gebede was dit vir Josef en sy gemeente moontlik om 'n houtstruktuur te bou wat as hul nuwe kerkgebou dien. Ons loof en prys die Here vir Sy genade en voorsiening.

Mense wonder miskien waarom Josef nie net met sy gesin na 'n 'veiliger' omgewing trek nie. Die antwoord



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop sodat die onbereiktes Jesus kan leer ken en – deur die wat tot bekering kom – kerke plant in van die moeilikste plekke ter wêreld. Dankie vir jou geskenke en gebede!



is eenvoudig: hy glo dat die Here hulle in Mayuge geplaas het om 'n verskil en 'n impak in hierdie gebied te maak.

Selfs nou, tydens die lewensgevaarlike COVID-19 pandemie, het Josef at nie opgehou om sy werk te doen nie. Hy het steeds na sy gemeente uitgereik en hulle met behulp van die Woord van God aangemoedig.

Josefat is aangenaam verras met Harvesters Ministries se goeie kurrikulum en ondersteuningsbasis.

Danksy jou ruim skenkings was dit vir Harvesters moontlik om 'n kerkplantstroom hier in die hartjie van Mayuge af te skop.

Verskeie leraars ontvang reeds opleiding in evangelisasie, dissipelskap en kerkplanting. Jou donasies het ewigheidswaarde. Jou gebede dra leraars deur hulle moeilikste uitdagings. 🙏

Bankbesonderhede
vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries
ABSA Bank
Rekeningnommer: 4075041297
Takkode: 632005
Verwysing: NE0520EM+[Naam&Van]

Meer Opsies om te gee:

zapper™




Baie dankie vir jou ondersteuning!



Danksy getroue ondersteuners soos jy, word daar oraloor leraars opgelei.

Die Belangrikheid van Vermenigvuldiging Verduidelik



Die onlangse COVID-19 pandemie het verwoestende gevolge vir miljoene mense regoor die wêreld ingehou. Die een ding wat hierdie vreeslike pandemie aan die wêreld bewys het, is dat vermenigvuldiging beslis effektief is.

Elke COVID-19 draer besmet gemiddeld nog twee mense met die virus en dié twee mense besmet nóg

twee. Dit het daartoe gelei dat die siekte baie vinnig versprei het.

Harvesters Ministries gebruik presies dieselfde model om kerke en dissipels regoor die hele wêreld te laat vermenigvuldig. Elke leraar wat deel van Harvesters Ministries se program is, het die potensiaal om 40 kerke met behulp van studenteleraars te plant. Hulle lei 'n studenteleraar vir elke nuwe kerk op en elke studenteleraar gaan uit en plant nog drie nuwe kerke waarvoor hulle weer studenteleraars moet oplei. Hierdie model lei tot effektiewe dissipelskap waar dissipels uitgaan en nog meer dissipels maak.

Maak kontak met Harvesters Ministries op enige een van hierdie platforms:

- Facebook – <https://www.facebook.com/harvestersmin/>
- Instagram – www.instagram.com/harvestersministries
- Webtuiste – www.harvestersministries.com
- Gratis Dissipelmakers kursus by jou gemeente – info@harvestersministries.com

Deel gerus hierdie nuusbrieff met jou familie en vriende. Moedig hulle asseblief aan om in hierdie kosbare bediening te saai waar ons saam verlore siele met die ware Evangelie bereik.

Harvesters
MINISTRIES

www.harvestersministries.com

WhatsApp: **064 809 6326** (stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629** of **011-955-1814**

E-pos: info@harvestersministries.com

Freepost CB11432 • Strand, 7139

(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park •
Somerset Wes, 7130 • Suid-Afrika.

Die Pilare van Harvesters Ministries



Evangelisasie

Opleiding in Evangelisasie by die plaaslike inheemse kerk.



Dissipelskap

'n Gratis dissipelskapkursus maak die weg vir mense oop om die Bybel te lees en te verstaan en gemotiveerd te raak in hulle nuutgevonde geloof.



Pastorale Opleiding

Opleiding en mentorskap om volhoubare leierskap te ontwikkel word deur 'n drie jaar kursus by die Hub-kerk verkry.



Bybelplasing

Bybels wat in plaaslike tale na nuwe kerke versprei word in areas waar daar 'n geweldige tekort is, sodat nuwe Christene in hulle geloof kan groei.



Eksponensiële Kerkgroei

Kerke wat die potensiaal het om oor 8 jaar te groei na 30–40 nuwe kerke.